



Die NGV sal nie die heffing van die hedendaagse buitensporige gelde toelaat nie, veral nie daardie groot bedrae wat deur privaathospitale gehef word nie. Private gesondheidsorgverskaffers sal nie meer toegelaat word om ekstra kontant, wat 'n bybetaling genoem word, van u te vereis nadat die NGV-fonds hulle betaal het nie.

Waarom is dit belangrik om deel te neem?

Openbare deelname is 'n demokratiese proses wat verseker dat wetgewers na die mense se stemme luister wanneer hulle wette maak.

LUG U MENING!

Wie moet deelneem en hoe?

Alle belangstellendes en geaffekteerde partye, individue en georganiseerde formasies word uitgenooi om deel te neem deur:

- **skriftelike voorleggings gerig aan die Portefeuljekomitee oor Gesondheid** in te dien. Voorleggings moet teen **29 November 2019** aan die Sekretaresse van die Portefeuljekomitee oor Gesondheid, me Vuyokazi Majalamba, gestuur word.

Adres: Derde Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8000

E-posadres: vmajalamba@parliament.gov.za

Faksnommer: 086 694 3279

- **openbare verhore by te woon.** Openbare verhore word vanaf **25 Oktober 2019** in alle provinsies in verskeie distriks- en metropolitaanse munisipaliteite regoor die land gehou.

Om meer inligting in te win oor voorleggings en openbare verhore oor die Wetsontwerp, skakel gerus met die Sekretaresse van die Portefeuljekomitee oor Gesondheid, me Vuyokazi Majalamba, by:

Telefoonnummer: (021) 4033770

Selfoonnummer: 0837098522

E-posadres: vmajalamba@parliament.gov.za

This pamphlet is available in all the official languages of South Africa.



Die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV)

Die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering

Die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV)

Die Parlement van Suid-Afrika nooi die publiek uit om insette te lewer oor die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) (B 11-2019). Die Portefeuljekomitee oor Gesondheid van die Nasionale Vergadering, wat optree in ooreenstemming met artikel 59 (1) van die Grondwet, poog om openbare betrokkenheid by die wetgewende en ander prosesse van die Vergadering en sy komitees te vergemaklik.

Waarom die NGV-wetsontwerp?

Die oogmerk van die NGV-wetsontwerp is om universele toegang te verleen tot gehalte gesondheidsorg vir alle Suid-Afrikaners, soos vervat in die Grondwet. Die Grondwet erken gesondheidsorg as 'n fundamentele mensereg. Dit lui dat "elkeen die reg het om toegang tot gesondheidsorgdienste te hê ... die Staat moet redelike wetgewende en ander maatreëls tref om binne sy beskikbare middele elk van hierdie regte in toenemende mate te verwesenlik."

Die NGV-wetsontwerp het ten doel om dit te bewerkstellig deur te verseker dat:

- niemand van bogenoemde regte ontnem word vanweë hul sosio-ekonomiese status nie;
- een openbare fonds vir openbare gesondheid met voldoende hulpbronne in te stel ten einde te beplan en op doeltreffende manier in die gesondheidsbehoefte van die hêle bevolking te voorsien en nie net aan enkele uitgesoekte persone nie; en
- dit die uiteindelijke doel is om Universele Gesondheidsdekking (UGD) te bereik.

Wat is die NGV-wetsontwerp en hoe sal Suid-Afrikaners deur die NGV bevoordeel word?

- Die NGV-fonds sal dekking bied aan Suid-Afrikaners van alle rasse, ryk of arm asook aan wettige langtermyn inwoners.
- Daar sal één poel gesondheidsorgfondse vir private en openbare gesondheidsorgverskaffers bestaan.
- Die koste verbonde aan ons gesondheidsorgstelsel, wat tans die duurste ter wêreld is, sal verlaag word.
- Wanneer mense gesondheidsorginstellings besoek, sal daar geen fooie gehef word nie, want die NGV-fonds sal die koste van mense se mediese sorg dek, op dieselfde manier waarop mediese hulpskemas dit vir hul lede doen.
- Die NGV sal, wat gesondheidsorgstandaarde betref, die gaping tussen ryk en arm vernou.

- Daar sal nié meer van Suid-Afrikaners verwag word om direk by te dra tot 'n mediese hulpskema ten einde gehalte gesondheidsorg te ontvang nie. Die NGV-fonds sal gefinansier word uit:
 - ✓ algemene belastingopgawes,
 - ✓ bydraes van diegene wat 'n inkomste van meer as 'n vasgestelde bedrag verdien,
 - ✓ maandelikse bydraes wat werknemers tot die fonds sal maak.
- Werkgewers sal die NGV-fonds bystaan deur seker te maak dat bydraes wat deur hul werkers tot die NGV-fonds gemaak word, ingesamel en ingedien sal word op soortgelyke wyse as bydraes wat tot die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) gemaak word.

Wat sal met lede van mediese hulpskemas en private gesondheidsorgverskaffers gebeur?

Die NGV sal nie Mediese Hulpskemas vervang nie; lede daarvan is egter vry om by hul mediese hulpskemas aan te bly as hulle nog steeds wil. Maar wanneer die NGV ten volle in werking gestel is, sal die rol van sodanige mediese hulpskemas verander, aangesien dié mediese hulpskemas dekking sal bied vir dienste wat nié deur die NGV-fonds terugbetaal gaan word nie.

